

**Donderdag 31 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 145**

**Fokusgedeelte: Psalm 145:18**

**Groot en goed is onse God!**

In Psalm 145, spesifiek in die 1953-vertaling, vind ons in die uiteensetting van hierdie psalm, in ons taal *die alfabet van die kinderlike geloof!* Met hierdie psalm is van kleinsaf vir die Joodse kinders geleer wat geloof beteken ... die A tot Z van God se grootheid word hierin besing! Sy ewige en onbepaalde heerskappy!

In toepassing hiervan vir die gelowige kind van God moet hy/sy kan sê dat die Here MY God en MY Koning is! Dit moet van geslag tot geslag oorgedra word. Dit weergalm in die Nuwe Testament as Tomas gekonfronteer word met Jesus Christus se wonde: *My Here en my God!* (Joh. 20:28).

Die basis van die bogenoemde lê in vers 18: HOE die ware Verbondsgod geëer wil word. *Die HERE is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom aanroep in waarheid.* Want die Verbondsgod is 'n genadige God, barmhartig en vol liefde! Hy leer ons om in die waarheid van sy Woord te wandel! Hierdie waarheid van sy evangelie moet ons hele lewe bepaal! Ons moet die waarheid in liefde betrag (Ef. 4:15). Al sou jy swak of bedruk voel, sal die krag van Christus jou dra! *Die Here help almal op wat geval het. Hy ondersteun dié wat bedruk is* (vs 14). *Kyk, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie* (Jes. 59:1). Hy beloof dit aan ons! Hy sal jou lei deur sy Gees, die Gees van die waarheid! So sal jy sy Koningskap herken en aan Hom die eer gee!

Dien Hom as die A tot Z van jou lewe, die begin en die einde van alles!

*Sing: Psalm 145-1:1, 10*

*Ds. GJ Erasmus (Gert) (Pretoria-Magalieskruin)*